MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 1/2024
25 Januarie 2024

SKOOLSAKE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Every sunset is an opportunity to reset. Every sunrise begins with new eyes.

Richie Norton

Mag elke sonsopkoms in 2024 wemel van geleenthede. Mag ons elkeen hierdie geleenthede raaksien en aangryp om ’n positiewe invloed op die mense om ons sowel as ons wonderlike land te hê. Vergun my allereers ‘n warm welkomswoord aan al ons leerders, ouers en onderwysers. In besonder welkom aan ons voornemende graad 8’s en hulle ouers. Ek is seker julle kan nie wag vir volgende Donderdagaand se inhuldiging nie.

Vervolgens wil ek graag die klas van 2023 met hul uitsonderlike uitslae gelukwens. Ons is baie trots op hulle 100%-slaagsyfer, 99,5%-universiteitsgraadvrystelling en hulle 658 onderskeidings. Ons salueer ook graag vir Jean Blignaut, ons duxleerder, met 9 onderskeidings en ‘n 94%-gemiddeld. Geluk ook aan Anushke Niemand (10 onderskeidings) en aan al die ander toppresteerders – meer detail rondom die uitslae volg later in die nuusbrief. Agter sulke skitterende uitslae staan daar ook ‘n uiters bekwame personeelkorps – ek salueer julle. Welgedaan.

You’re off to great places! Today is your day! Your mountain is waiting, So get on your way! *Dr. Seuss*

Alles van die beste vir die klas van 2023 met al die nuwe rubicons wat op julle wag. Hamba kahle, mooi loop. Sterkte aan die matrieks van 2024! Julle het reeds deur jul deelname en gees die afgelope week gewys dat julle waardige opvolgers gaan wees. My wens is dat elke graadtwaalf se laaste jaar op die College-banke produktief en pretbelaai sal wees.

My uitdaging aan elke leerder, ouer en onderwyser vir 2024 – vandag is jou dag! Carpe Diem; gryp elke akademiese-, sport-, kultuur- en sosiale geleentheid aan. Bowenal, wees die verskil wat jy in die College en jou omgewing wil sien.

NEW KID ON THE BLOCK

Midstream College het nie net nuwe graadagtleerders vriendelik verwelkom nie, maar het ook 'n nuwe toevoeging tot die Midstream-familie gekry – 'n babaduiker. Ongeag hoe oulik sy lyk, mis sy gereeld "klas" om langer pouses in die skooltuine te geniet.

OUERGEBEDSGROEP

Die ouergebedsgroepie nooi alle belangstellende ouers uit om aan te sluit. Stuur gerus 'n e-pos aan me Carolien Verster (cverster@midstreamcollege.co.za). U inligting sal aan die groepkoördineerder gestuur word.

AKADEMIE

MATRIEKUITSLAE

Die klas van 2023 het briljante uitslae gelewer. Hulle het 'n 100%-slaagsyfer behaal en die 202 matrieks het 'n totaal van 658 onderskeidings behaal (3,3 per kandidaat). Tot op hede is dit die meeste onderskeidings per kandidaat. 99,5% het aan die vereistes vir Baccalaureus-graadstudies aan 'n universiteit voldoen. Die vakgemiddeldes verdien ook vermelding, met sewe vakke wat hulle hoogste gemiddeldes nog behaal het.

Ons is besonder trots op die toppresteerders (aantal onderskeidings in hakies): Anushke Niemand (10), Jean Blignaut, Anru Cronjé, Tertius Dekker, Karabo Ngwetjana, Sandeep Nunna, Simoné Swart, Marco van der Westhuizen (9), Ingrid Barnard, Leané Claasen, Michael Kleynhans, Christiaan Maré, Cameron Mendes, Andrew Nortjé, Tian Strauss en Courtney Williams (8). 'n Verdere sewe kandidate het elk sewe onderskeidings behaal.

Daarbenewens is nege matieks, te wete Jean Blignaut, Tertius Dekker, Simoné Swart, Marco van der Westhuizen, Anushke Niemand, Courtney Williams, Ingrid Barnard, Olivia Steyn en Gemma Krouwkamp op die IEB se toppresteerderslys met hulle uitstekende prestasies. (Besoek ons webtuiste vir meer besonderhede.)

VAKVERANDERINGE

Alle versoeke vir vakveranderige moet aan die Visehoof van Akademie, me Madelaine Matthys, ge-e-pos word (mmatthys@midstreamcollege.co.za).

EKSTRA KLASSE

Alle personeellede is op Maandae van 14:00 tot 15:00 per afspraak beskikbaar om leerders met akademiese navrae te help.

HALFJAAR- EN EINDJAAREKSAMENS

U aandag word daarop gevestig dat beide dié eksamens tot aan die einde van die kwartaal strek (sien skoolkalender op ons webtuiste), en dat alle leerders op daardie dag kan skryf. Ouers wat oorsese vakansies beplan, moet veral hierop let, aangesien geen leerder vir vakansiedoeleindes van geskeduleerde eksamens verskoon kan word nie. U samewerking in die verband word waardeer.

LEERLING- EN BESTUURSLISENSIES

Ons besef dat dit moeilik is om afsprake vir leerders se leerling- en later hulle bestuurslisensies te kry. Ons versoek u egter om nie die afsprake op dae te maak wanneer geskeduleerde toetse geskryf word nie. (Sien skoolwebtuiste vir toetsdatums.) Leerders kan dus nie vir lisensieafsprake van geskeduleerde toetse verskoon word nie.

AANSOEKE VIR OORSESE SKOLE EN UNIVERSITEITE

'n Groeiende getal leerders doen jaarliks aansoek vir toelating tot skole en universiteite oorsee. Dié instellings verlang 'n dokument (transkripsie), wat algemeen as 'n "transcript" bekendstaan, as deel van die aansoekproses. Neem asseblief kennis dat hierdie "transcripts" teen R300 voorsien sal word. Kontak die Hoof van Akademie (Lswart@midstreamcollege.co.za) in dié verband.

AKADEMIESE TOP-3

Gebaseer op verlede jaar se promosiepunte, is die top-3-leerders per graad soos volg:

	Graad 8 (2023)		**Graad 9 (2023)**	
1	Lisa Strauss	95,62%	Lin-Mari Rudolph	96,85%
2	Lisa Rautenbach	95,00%	Lené Liebenberg	95,00%
3	Angelique van Rensburg	94,08%	Elmien van der Walt	94,08%
	Graad 10 (2023)		**Graad 11 (2023)**	
1	Renate Maré	96,71%	Cara-Renette Ponting	95.71%
2	Jenhara Rooplall	96,14%	Karla Alberts	93.86%
3	Kirsten Levey	94,57%	Julia Potgieter Danielle Rossouw	93.00% 93.00%

KULTUUR

ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die Hoof van Kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

MUSIEK

Ruth Hempson het haar ABRSM-graad 5-viooleksamen met meriete geslaag.

DANS

Elmarie Lubbe het in November 2023 aan die IDO se wêreldkampioenskap in België deelgeneem. Haar dansgroep het 'n goue en silwer medalje verower.

SPORT

ALGEMEEN

Die sportjaar het vroeg in Januarie reeds met 'n plaaslike atletiekoefenkamp en die Steenbokweek vir die o. 14-, o. 15- en eerste krieketspanne afgeskop. Al drie spanne het gemengde uitslae behaal. Die week het as goeie voorbereiding vir die Finsbury-reeks in die eerste kwartaal gedien. Die interhuisswem en –atletiek is reeds suksesvol afgehandel.

Alle inligting rakende ‘n spesifieke sportsoort is op die skool se webtuiste beskikbaar. Indien ouers enige navrae oor ‘n sportaangeleentheid het, is hulle welkom om die betrokke organiseerder of die Hoof van Sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te kontak.

KRIEKET

Steenbokweek		
1ste		
Dag 1 Hoogenhout	Hoogenhout 95/10 Midstream 96/6 Wen met 4 paaltjies	Wian de Bruin 3/6 in 7 beurte Dian de Villiers 33
Dag 2 Nelspruit	Midstream 165/10 Nelspruit 167/5 Verloor met 5 paaltjies	Rikus Cilliers 2/17 in 4 beurte Xander Senekal 36 n.u.n.
Dag 3 Potchefstroom Gimnasium	Midstream 150/9 Potch Gim 152/5 Verloor met 5 paaltjies	Barto Oosthuizen 2/18 in 4.3 beurte Xander Senekal 50
Dag 4 Rustenburg	Rustenburg 111/10 Midstream 112/8 Wen met 2 paaltjies	Wian de Bruin 2/6 in 4 beurte Xander Senekal 32
Dag 5 Kemptonpark	Midstream 91/10 Kemptonpark 93/4 Verloor met 6 paaltjies	Rikus Cilliers 3/27 in 8 beurte Janco van Heerden 31
o.15		
Dag 1 Rustenburg	Rustenburg 79/10 Midstream 68/5 Wen met 5 paaltjies (D/L)	Matthew Wiggill 6/16 in 5 beurte A.J. Annandale 26
Dag 2 Nelspruit	Nelspruit 124/10 Midstream 75/10 Verloor met 49 lopies	Nicholas Beukes 3/27 in 7 beurte
Dag 3 Potchefstroom Gimnasium	Potch Gim 54/10 Midstream 55/1 Wen met 9 paaltjies	Zac Lentoor 4/8 in 4 beurte
Dag 4 Grey College	Midstream 94/10 Grey College 95/5 Verloor met 5 paaltjies	
Dag 5 Menlopark	Midstream 97/6 Menlopark 98/1 Verloor met 9 paaltjies	Eckhardt du Toit 31 Tehan Maré 28 n.u.n.
o. 14		
Dag 1 Cornwall Hill	Cornwall Hill 136/10 Midstream 89/4 Wen met 6 paaltjies (D/L)	Keegan Gibson 44 n.u.n. Beyers Pretorius 3/9 in 8 beurte
Dag 2 Secunda o. 15	Midstream 173/5 Secunda 132/10 Wen met 41 lopies	Keegan Gibson 45 n.u.n. Hanro de Villiers 57 Beyers Pretorius 3/11 in 3.1 beurte
Dag 3 Eldoraigne	Midsteam 135/6 Eldoraigne 86/10 Wen met 49 lopies	David van der Vyver 61 Keegan Gibson 48 n.u.n.

Dag 4 Waterkloof	Waterkloof 213/10 Midstream 58/7 Verloor met 112 lopies (D/L)	
Dag 5 Cornwall Hill	Cornwall Hill 118/8 Midstream 109/7 Verloor met 9 lopies	Henke Louw 5/31 in 4 beurte
Finsbury-reeks		
1ste		
Midstream Old Boys (Tradisionele vriendskaplike wedstryd)	Old Boys 224/6 Midstream 167/8 Verloor met 57 lopies	Gerhard van der Westhuizen 50 n.u.n. Dian de Villiers 44 Rikus Cilliers 3/45 in 4 beurte
Lichtenburg	Midstream 285/10 Lichtenburg 142/10 Wen met 143 lopies	Maarten Nortjé 62 Janco van Heerden 81 & 3/30 in 8 beurte
o. 15A		
Lichtenburg	Lichtenburg 152/10 Midstream 155/5 Wen met 5 paaltjies	Nicholas Beukes 2/29 in 10 beurte Johann Boshoff 3/23 in 3 beurte Ruben Howatt 38 Marco Smith 30 n.u.n.

SWEM

NTS-kampioenskap	
Naam	**Prestasie**
Lizelle Venter	1 x nuwe SANJ-tyd
Juan Pretorius	2 x nuwe SANJ-tye
Sebastiaan Struwig	3de 200 m-borsslag 1 x nuwe SANJ-tyd
Rouxné du Plessis	3de 200 m-rugslag 1 x nuwe SANJ-tyd
Abigail Roberts	2de 50 m-vryslag 1ste 4 x 100 m-wisselslagaflos
Paul Loubser	1ste 200 m-vlinderslag 2de 4 x 100 m-vryslagaflos 2de 4 x 100 m-gemengde wisselslagaflos 1ste 4 x 100 m-wisselslagaflos
Kylie de Bruyn	3de 400 m-vryslag 3de 200 m-vryslag 3de 200 m-rugslag 2de 800 m-vryslag 1ste 1500 m-vryslag (NTS-rekord) 3de 4 x 200 m-vryslagaflos 3de 4 x 100 m-vryslagaflos 7 x nuwe SANJ-tye

Grace Powell	3de 100 m-vlinderslag 1ste 100 m-vryslag 1ste 50 m-vlinderslag 3 x nuwe SANJ-tye 2 x nuwe SANAT-tye
Demi Jacobs	3de 100 m-vlinderslag 1ste 400 m-individuele wisselslag 2de 4 x 100 m-wisselslagaflos 1ste 4 x 100 m-vryslagaflos
Lyla van der Spuy	2de 100 m-rugslag 2de 100 m-vlinderslag 2de 200 m-vlinderslag 1ste 4 x 100 m-wisselslagaflos
Jemma van Wyk	2de 200 m-vryslag 2de 400 m-vryslag 3de 4 x 100 m-gemengde wisselslagaflos 2de 4 x 100 m-vryslagaflos 2de 4 x 100 m-wisselslagaflos 1ste 4 x 200 m-vryslagaflos
Jana Swiegers	2de 50 m-rugslag 1ste 200 m-rugslag 1ste 100 m-rugslag 2de 4 x 100 m-gemengde vryslagaflos 2de 4 x 100 m-gemengde wisselslagaflos 1ste 4 x 100 m-wisselslagaflos
Xander du Toit	1ste 200 m-IM 3de 4 x 100 m-vryslagaflos 3 x SANAT B-tye
Adrian van Wyk	1ste 50 m-vryslag 1ste 100 m-vryslag (NTS-rekord & JW-tyd) 1ste 200 m-vryslag (NTS-rekord & JW-tyd) 1ste 400 m-vryslag (NTS-rekord & JW-tyd) 1ste 50 m-rugslag (NTS-rekord & JW-tyd) 1ste 100 m-rugslag (NTS-rekord & JW-tyd) 1ste 200 m-rugslag (NTS-rekord & JW-tyd)

(SANJ = SA Junior Tye; SANAT = SA Senior Tye)

Adrian het 6 NTS-rekords gebreek, wat reeds vanaf 2011 bestaan. Daarbenewens het hy 6 junior wêreldtye geswem. Hy is as die beste o. 15-swemmer en die beste o. 15-swemmer in 'n uithoubyeenkoms aangewys. Hy het ook 'n eerste plek in die 50 m-rugslag en 'n derde plek in die 200 m-rugslag by die KZN-kampioenskap behaal.

Lance Cromhout het Suid-Afrika by die Africa Aquatics-kampioenskap verteenwoordig wat in Desember in Mauritius plaasgevind het. Sy uitslae is as volg:

- 50 m-rugslag – silwer medalje
- 100 m-rugslag – silwer medalje
- 20 m-rugslag – goue medalje
- 4 x 100 m-wisselslagaflos – silwer medalje
- 4 x 100 m-gemengde wisselslagaflos – silwer medalje

Interhuis: Spanuitslae

1	Hutton	410
2	Windsor	283
3	Old Kent	237

Interhuis: Individuele Prestasies

Junior Victor Ludorum	Juan Pretorius
Junior Victrix Ludorum	Kylie de Bruyn en Abigail Roberts
Senior Victor Ludorum	Adrian van Wyk
Senior Victrix Ludorum	Demi Jacobs

Die spankapteine vir 2024 is ook aangewys:

	Seuns	**Meisies**
Kaptein	Stefan Venter	Jemma van Wyk
Onderkaptein	Robért Ford	Demi Jacobs

ATLETIEK

Die eerste byeenkomste het plaasgevind en enkele Midstream-atlete het goed gevaar deur rekords of verskeie persoonlike beste tye en afstande te verbeter.

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

AGN-liga 1 (Pilditch)			
Atleet	**Afdeling**	**Item**	**ASA-punt**
Amy-Isabella Nel	Meisies 15	Diskus	849
Carmia van den Berg	Meisies 15	1500 m-hindernis	820
Lente Groenewald	Meisies 17	400 m	808
Xavier van der Leek	Seuns 19	1500 m	834
Juan Breytenbach	Seuns 19	5000 m	857
Interhuis			
Lené Greyling	Meisies 14	300 m-hekkies	815
Amy-Isabella Nel	Meisies 15	Gewigstoot Diskus	804 848
Xavier van der Leek	Seuns 19	1 500 m 3 000 m	860 815

ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat aan nie-skoolsportaktiwiteite deelneem en uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en / of sertifikate aan die Hoof van Sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

BINNENSHUISE NETBAL

Geluk aan Kaitlyn Maia en Tyler Swartz wat in Desember 2023 onderskeidelik vir die Gauteng-Noord o. 14- en o. 15-spanne gekies is en in Maart aan die interprovinsiale toernooi gaan deelneem.

SKAAK

Luke Reyneke het as deel van die o. 16A-span die Gauteng-Interstreekkampioenskap gewen. Hanno Jacobs het die o. 14B-span verteenwoordig en die toernooi gewen.

MUURBAL
Elzandri Janse van Rensburg het gedurende die vakansie aan twee internasionale toernooie deelgeneem. As 15-jarige het sy 17de in die o.17-kategorie in Maleisië geëindig en 'n uitstekende vierde plek in die toernooi in Singapoer behaal.

YSHOKKIE
Kallen Grant het Suid-Afrika gedurende die vakansie by die o. 18-wêreldkampioenskap in Bulgarye verteenwoordig.

MAJORETTE AND CHEERLEADING
Karabo Mahanyele het haar Gauteng-kleure ontvang.

TENNIS
Gedurende die vakansie het Jayden Summers die enkelspel by die Kaapstad Super 8-toernooi gewen asook beide die enkelspel en dubbelspel by die Gauteng-Noord Super 8-toernooi. Ná hierdie goeie vertonings is hy vir die o.19 SA Hoërskolespan gekies.

ALGEMEEN

VALENTYNSBALKAARTJIEVERKOPE

Daar is slegs ‘n beperkte hoeveelheid kaartjies vir die Valentynsbal beskikbaar en dit geskied op ‘n wie eerste kom, word eerste gehelp basis.

Dit baie belangrik dat die leerder se naam, van en registerklas asook die naam, van en registerklas van die metgesel op die skakel in die gegewe spasies ingevul word (al koop ‘n ouer die kaartjies móét dit die name van die leerders wat na die Valentynbal toe gaan se besonderhede bevat, anders sal die kaartjie nie geldig wees nie).

Kaartjies sal as volg beskikbaar wees:

Maandag 29 Januarie	Graad 12
Dinsdag 30 Januarie	Graad 11
Woensdag 31 Januarie	Graad 10
Donderdag 1 Februarie	Graad 9
Vrydag 2 Februarie	Graad 8

Kaartjieverkope sal daagliks deur ons administratiewe sisteem gekontroleer word, om te verseker dat leerders die korrekte inligting verskaf het.

Neem asseblief kennis: As jy op ‘n dag probeer kaartjies koop wat nie aan jou graad toegeken is nie, word jou kaartjie terug in die sisteem gestuur vir iemand anders om te koop en is dit nie geldig nie.

KOMMUNIKEER MET ONS:
www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

VOLGENDE OMSENDSKRYWE:
Donderdag 8 Februarie 2024



☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za
www.midstreamcollege.co.za